JERIGO MURE GEBEDSGIDS ARTIKELS – FEB/MAART 2008

MAAR GOD

Beste bidder

Christene moet onreg kan verdra

Dit is nogal 'n moeilike waarheid: om onreg te kan verdra. In **2 Timoteus 2:24** sê Paulus dat 'n dienaar van die Here - en ons is almal dienaars van God - moet onreg kan verdra. Dit is 'n ongemaklike woord. Dit pas ons nie. Ons wens liewer dit was nie in die Bybel nie. Ons rasionaliseer daaroor. Ons verdedig onsself. Ons verduidelik hoekom ons voel soos ons voel. Maar steeds staan daar: ons moet onreg kan verdra.

Waarom skop ons so daarteen? Omdat ons nog nie volledig gesterf het aan onsself nie. Omdat ons nog vir onsself die reg voorhou om verontreg te voel. Omdat daar nog dinge in ons lewe is wat ons nie wil prysgee nie – daar is nog dinge in ons lewendig waarvoor ons reeds dood moet wees – my regte, my goeie naam, dat mense my moet erken, dat mense vir my moet dankie sê, my wil, my ambisies, my drome. En talle meer. Die probleem is dat *God self* ons in situasies bring waar ons verontreg word, met die doel om vir ons te wys wat nog diep in ons harte aan die gang is en wat dus die werking van die Gees van God in ons harte verhinder.

Wat ons gewoonlik in situasies van verontregting wil doen is "*om die feite"* op die tafel te kry. Wie moet wat bely, waar het dit begin? Waarom het jy my nie net gevra of jy dit kan doen nie. Wie verantwoordelik is vir die hele situasie. Dit is *nooit* die oplossing om daar te begin nie. Dit is hoe die wêreld die probleem probeer oplos en dit is die voorbeeld wat die kerk ook meesal volg. Maar dit los nooit die probleem op nie. Ja, soms help dit tydelik. Maar dieselfde probleem sal homself elke keer weer voordoen. Indien daar enige "regte" is wat ek uithou, waarvan ek nie wil afstand doen nie, sal gevoelens van verontregting elke keer weer in my lewe terugkom. Dit is doodgewoon soos die lewe is. Ons is onvolmaak en doen verkeerd en mense doen aan ons verkeerd en dieselfde emosies sal weer terugkom.

Wat moet ons dan doen? Begin om die Here te vra om jou te wys wat Hy in jou hart sien. Vra Hom om vir jou jou eie sonde te wys, sodat jy ook by die punt kom waar jy niks anders kan uitroep nie as: Ek is die grootste van alle sondaars (**1Tim.1:15**). Dit is op daardie punt wat die ander persoon se sonde so klein en irrelevant raak, dat dit nie meer saak maak nie. Die probleem is egter dat ons glad nie meer ons eie sonde en verkeerde optrede sien nie, maar net die sonde van ander en wat hulle verkeerd doen.

Eers wanneer ek in gebrokenheid my eie sonde kan sien, kan ek in gebrokenheid my sonde teenoor my broer of suster bely voordat ek vir hom/haar kan wys op dinge wat in sy/haar lewe verkeerd is. Gebrokenheid maak dat daar selde weerstand in die ander persoon is. Dit is waar ons moet begin wanneer daar stryd en spanning is. Nie noodwendig by *'n oop gesprek* nie. Oop gesprekke, waar elkeen sy hart uitpraat en "alles" aan die lig gebring word, lei heel dikwels nie tot permanente versoening nie. Dikwels word daar net meer en meer dinge gesê wat seermaak en vir jare daarna nog onthou word. Daar is dikwels emosionele ontlading, maar nie permanente genesing nie. Die begin van permanente versoening lê in diep persoonlike gebrokenheid en 'n verstaan van die onontbeerlike genade van God vir onsself. Ons is gewoonlik baie bewus en dankbaar vir die genade wat ons van God af nodig het om van te leef, maar deel nie so maklik daardie genade met ander nie en gee dit nie so genadiglik vir ander nie. Dikwels verstaan ons nie dat ons self ook van dieselfde genade leef nie, want ons is vol van eiegeregtigheid en hoogmoed.

Die liefde bedek 'n menigte sondes - vir baie van ons is dit wonderlik as ander se liefde *ons* sondes bedek, maar ons is nie altyd so vinnig en gewillig om ander se sondes en oortredinge teenoor ons te bedek nie. Watter getuienis het ons dan? Mag ek die volgende stelling maak: Of ons glo nie regtig dat die Bybel die Woord van God is nie, of ons is nie regtig Christene nie. Die Woord is die maatstaf. Niks anders nie. Ons

boodskap is om genadig te wees (om vir iemand te gee wat hy/sy nie verdien nie), om barmhartig te wees (om vir iemand nie te gee wat hy/sy verdien nie), om onvoorwaardelik lief te hê, om letterlik sewentig maal sewe keer elke dag (al is dit dieselfde persoon) te vergewe (nie net drie of vier keer nie), om 'n tweede kilometer saam te loop.

Die vraag is: *Leef ons 'n lewe waardig tot Hom?* Hoe onwaardig leef ons nie dikwels nie? Hoe dikwels diskwalifiseer ons woorde, dit wat ons dink en wat ons doen nie ons "reg" om te mag praat nie! Sonde, ongebrokenheid, eiesinnigheid, selfregverdiging, hoogmoed, om aanstoot te neem, en om verontreg te voel, diskwalifiseer ons om getuies te wees, om te preek, met ander oor hulle sonde en verkeerde dade en optrede te praat. Hierdie dinge "verwyder" ons van God. En om met God kontak te verloor, is baie gevaarliker as sonde of die duiwel of as om deur ander reg behandel te word.

Hoe oppervlakkig is ons Christenskap dikwels nie! Hoe onheilig leef ons nie. Hoe min van Jesus is sigbaar in ons! Wat het Jesus gedoen toe Hy verontreg is, verag en geminag is, verwerp en beledig is? Hy het gesê: Ek het jou so lief dat Ek vir jou wil sterf. En toe hét Hy vir ons gesterf. Hy het nie verdedig nie – Hy het bly liefhê, vergewe en sy lewe vir ons afgelê.

Wat het dit met gebed te doen?
Dit het alles met gebed te doen. Ons moet vanuit 'n rein hart bid. Daaroor is die Woord baie duidelik. As ek sonde in my hart teenoor iemand anders het, wil God my nie hoor nie (**Jes.59:1-2; Ps.66:18; Spr.28:13**). Wanneer ek verontreg voel, is daar altyd negatiewe emosies, gevolg deur bitterheid, selfbejammering en dikwels haat, weerwraak, vergelding, kwaadpraat, kritiek, verwerping van die ander persoon en selfregverdiging. Uit so 'n hart kan ons nie bid nie. Kom ons ondersoek ons harte in hierdie tyd. Kom ons bely en maak reg met God – sodat ons kan bid. In **1Joh.4:20-21** lees ons: *As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat by broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie*. En hierdie opdrag het ons van God gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.

Kom ons staan voor God
Kom ons staan voor God en bid vir onsself en vir die mense rondom ons, tot aan die eindes van die aarde. Laat ons met nuwe geloof bid. God is aktief in sy wêreld. Die feit dat ons nie alles kan sien wat Hy doen nie, beteken nie dat Hy nie werksaam is nie. Gaan staan voor God. Hoor wat Hy sê. Lees die Woord, onderstreep God se beloftes, bid hulle – bid hulle dag en nag. Bid sy beloftes met geloof. Kry vir jou 'n joernaal. Skryf neer wat jy by God hoor, skryf sy beloftes neer. En bid dit. Dit behaag God as ons met geloof na Hom toe kom (**Heb.11:6**). Kom met vrymoedigheid. Hy is 'n genadige God. Sy troon is 'n genadetroon.

24/7 Gebed
Ons sien steeds 'n verstommende toename van gemeentes en gemeenskappe wat begin om dag en nag, 24/7, te bid. In Suid-Afrika is daar reeds meer as 4 600 gemeentes en gebedskamers waar mense begin het om 24 uur 'n dag te bid, of wat besig is om te groei na 24 uur gebed elke dag. Elke maand word daar minstens 250 nuwe gemeentes by hierdie getal gevoeg. Dieselfde gebeur in Mosambiek, Malawi, Zimbabwe, Zambië, Swaziland, Lesotho, Noord-Afrika, die res van die Midde-Ooste en in die oorgrote meerderheid van al die lande in die wêreld. Daarom fokus ons die volgende 3 maande baie spesifiek daarop om hiervoor te bid. In Suid-Afrika is daar 650 dorpe en stede. In minstens 415 van hierdie dorpe en stede is daar minstens een gemeente waar daar 'n begin gemaak is en waar mense besig is om te mobiliseer om 'n volwaardige 24/7 gebedswag te vestig. Kom ons bid vir die oorblywende 235 dorpe. Kom ons bid vir 'n gebedswag in minstens 200 van die 230 tronke in die land. In verskeie tronke en 'n toenemende aantal polisiestasies in die land is daar gebedskamers waar gevangenes en polisiemanne met 24/7 gebedswagte begin het. Volhard in gebed.

Wêrelddag van Gebed* en die *10 Dae van Gebed
Vanaf 1-10 Mei 2008 vind die 10 dae van dag en nag gebed plaas. Ons roep mense landswyd op om soveel moontlik gemeentes aan te moedig om vir die volle 10 dae te bid. Op baie plekke kom 'n aantal gemeentes

bymekaar om so 'n gebedswag vir die volle 240 ure te vestig. Verlede jaar was daar 3 600 sulke punte in die land. Ons vertrou dat God deur Sy Gees hierdie jaar meer as 6 000 sulke punte in die land sal oprig.

Mobiliseer die skole om een of meer dae in hierdie tyd te bid. Moedig mense aan om die naaste byeenkomspunt wat in jou gemeenskap georganiseer sal word op 11 Mei (*Wêrelddag van Gebed*) by te woon. Verlede jaar was daar 850 byeenkomste reg oor Suid-Afrika waar mense op Pinkster Sondag bymekaargekom het om te bid.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Eph3:20

TERUGVOER VAN GEBEDSINISIATIEF: Ramadaan gebedsuitreik

Gedurende die maand van Ramadaan het 124 intersessors van 'n ontwikkelende land 'n gebedswag gevestig in een van die lande in die Midde-Ooste. Hulle taak was om 'n 24/7 wag op te rig en die land met gebed te vul. Die intersessors was opgedeel in 4 spanne, wat 'n aflos gebedspan gevorm het, wat elk verantwoordelikheid neem het vir 'n periode van 8/10 dae. 'n Jeug en kinder gebedspan, met ouderdomme van 8-16, het ook as 'n vyfde span gedurende hulle skoolvakansie, deel gevorm van die inisiatief.

Die 24/7 wag is gevorm deur die dag in vier kwarte te verdeel. Die eerste kwart, van 6 voormiddag tot 12 uur die middag het gefokus op die kerk in die Midde-Ooste. Die tweede kwart, van 12 uur tot 6 namiddag het gefokus op die Midde-Ooste en die inwoners. Die derde kwart, van 6 namiddag tot middernag het gefokus op aanbidding en die proklamasie van die Name van God. Die laaste kwart van die dag, van middernag tot 6 voormiddag se fokus was op die hardop lees van die Psalms en die boek Openbaring. Elke intersessor het verantwoordelikheid geneem vir ten minste 2 uur per dag, in twee van die verskillende fokus areas. Twee uur per dag is toegewy aan gesamentlike aanbidding en intersessie en nog 'n uur vir terugskouiing/oorsig en samesyn.

Ongeveer tagtig persent of meer van die deelnemers was gewone kerkmense en vir die eerste keer intersessors. Sommige het nog nooit tevore 'n uur lank gebid nie, terwyl ander nog nooit tevore beleef het dat God met hulle persoonlik praat nie. Baie het getuig hoe hulle lewens verander het toe hulle 'n persoonlike God ontmoet het, wat hulle wil gebruik om Sy koninkryksdoelstellings te bereik. Hulle harte is gebreek toe hulle besef wat dit beteken om verlore te wees sonder die kennis van Jesus Christus as Verlosser. Hulle het spontaan groot bedrae geld geskenk om gelowiges te help om dissipelskap opleiding te kry, om Bybels te koop en die las ligter te maak vir mense wat in 'n land lewe waar Christene tweedeklas burgers is.

Klein spanne het die land van noord na suid en van oos na wes deurkruis en gebid in die stede, by die grense, by die ingange na die land en by baie ander strategiese plekke. Hulle het saam die uitputting van lang ure op gevaarlike paaie, gepak met voetgangers, esels, motors, fietse, bokke en talle ander hindernisse beleef. Hulle het die ongemak beleef van onhigiëniese fasiliteite, onbeskikbaarheid van kos gedurende die ure van die Ramadaan-vastyd en slapelose nagte as gevolg van die aanhoudende oproep tot gebed vanuit die moskees.

Baie getuig dat hulle nou vir die eerste keer verstaan wat Jesus bedoel het toe Hy vir ons gesê het om te "Gaan!" Hulle het God hoor praat, hulle het Hom gesien werk, hulle het ooggetuies geword. Mag hulle getuienisse deur die hemele weergalm en die werk van die vyand oorwin. Mag hulle self saad word wat in die grond sal val sodat hulle baie vrug kan dra wat tot in ewigheid sal hou!

Aanhalings

"Ek het soos nog nooit tevore geleer dat volhardende gebed tot God deur elke vesting van die duiwel breek, want niks is vir God onmoontlik nie. In hierdie moeilike tye is daar vir Christene geen ander manier nie." - Jim Cymbala

"Elke prediker wat nie gebed 'n kragtige faktor in sy eie lewe en bediening maak nie is 'n swak skakel in God se werk." - E.M. Bounds

"Die bediening van gebed, as dit enigsins die naam waardig is, is 'n bediening van ywer (met vuur), 'n bediening van onvermoeide en intense verlange na God se heiligheid." - E.M. Bounds

"Gebed moet aan die brand wees. Sy vuur moet verteer. Gebed sonder geesdrif is soos die son sonder hitte of lig, of soos 'n blom sonder skoonheid of reuk. 'n Siel toegewy aan God is 'n geesdriftige siel en gebed is die skepping van daardie vlam. Net hy wat gloeiend is vir God, vir heiligheid en vir die hemel, kan werklik bid." - E.M. Bounds

Geen man kan 'n groot en blywende werk vir God doen as hy nie 'n man van gebed is nie, en geen man kan 'n man van gebed wees as hy nie baie tyd in gebed deurbring nie." - E.M. Bounds

"Gee my 'n honderd predikers wat niks behalwe sonde vrees nie en niks behalwe God begeer nie, en ek gee nie om of hulle geestelikes of lekepredikers is nie; net sulkes sal die hekke van die hel skud en die koninkryk van die hemel op aarde oprig." - John Wesley

"Ons ware karakter kom na vore in die manier waarop ons bid." – Oswald Chambers

"Gebed verleen die krag om te loop en nie moeg te word nie." - Oswald Chambers

"Gebed is nie om dinge van God te kry nie, dit is die aanvanklike vlak, gebed is om in volmaakte gemeenskap met God te wees." - Oswald Chambers

"O, gelowige broers, wat 'n instrument is dit wat God in ons hande gesit het. Gebed beweeg Hom wat die heelal beweeg." - Robert Murray McCheyne

"Geen man – ek gee nie om hoe kolossaal sy intellek is nie – geen man is groter as sy gebedslewe nie." - Leonard Ravenhill

"Om voor mense te staan vir God is een ding. Om voor God te staan vir mense is iets heeltemal anders." - Leonard Ravenhill

"Die grootste antwoord op gebed is dat ek in 'n perfekte verstandhouding kom met God, en dit verander my beskouing van werklike dinge." - Oswald Chambers

"Die gebed wat die vonk is vir herlewing begin lank voordat die omgewing wakker word uit hulle sluimer in sonde. Dit begin wanneer mense op hulle knieë val en God aanroep. Dit is waar ware intimiteit met God plaasvind en ons die reis begin om te verander na die beeld van Christus. En wanneer mense verander, kan die rigting van 'n volk verander." - Wellington Boone

Wat, waar en wanneer
INTERNASIONAAL

29 Februarie 2008 - 2 Maart 2008: *SHOCKWAVE*

SHOCKWAVE is 'n byeenkoms gedurende die eerste naweek van Maart wat 'n geleentheid is vir jongmense om oral in die wêreld saam te kom en God aan te roep en in te tree vir die *Vervolgde Kerk.* Dit word deur *Geopende Deure* georganiseer. Meer as 30 nasies sal die naweek verenig in gebed om vervolgde Christene te ondersteun. Mense word uitgenooi om 'n jeugbyeenkoms te organiseer vir die *Vervolgde Kerk* en deel te neem aan *SHOCKWAVE 08.* Jongmense kan vir 10 minute, 30 minute of langer bid. Vir meer inligting, besoek die webruimte: http://www.odshockwave.org/pages/whatisit

29-30 Maart 2008 – *Just Pray NO! Ltd. World-wide Weekend of prayer and Fasting*

Die naweek van 29-30 Maart is aangewys as die 18de Jaarlikse *Just Pray NO! to drugs World-wide Weekend of Prayer and Fasting. Just Pray No Ltd.* Poog sedert 1991 om Christene rondom die wêreld te verenig in intersessie gebed vir dwelmafhanklikes en hulle gesinne. Misbruik van middels word direk gekoppel aan geweld, seksuele immoraliteit en is 'n belangrike bron van inkomste van georganiseerde misdaad en terroriste aktiwiteite. Laat ons ook verenig in gebed saam met mense van ander lande en bid, nie net vir die vrylating van die wat vasgevang is in misbruik nie, maar ook vir mense om bevry te word van pornografie, dobbelary en vetsug. Gemeentes, bedieninge en gemeenskapsorganisasies kan deelneem in die 18de Jaarlikse *Just Pray No! World-wide Weekend of Prayer and Fasting* geleentheid deur gebedsbyeenkomste, preke en Bybelstudies aan te bied oor misbruik, gemeente uitreike na verslaafdes, ondersteuning aan bestaande voorkomings- en rehabilitasie-programme of deur die vestiging van 'n ondersteuningsgroep by hulle gemeente. Vir meer inligting besoek: http://www.justprayno.org/

Wat, waar en wanneer
NASIONAAL

15-17 Februarie 2008: *Pray40* initiative

'n Vergadering van die *Interdev Partnership Associates Forum* en *MANI,* ***Pray40*** nooi u uit om God saam met hulle te soek van 19:00 op 15 Februarie tot 11:00 op 17Februarie 2008, vir 40 uur, om 'n vuur in Afrika aan te steek wat mense sal laat saamkom om God te verheerlik onder alle volkere. Hulle sal inligting gee oor die oorblywende 6 000 onbereikte mense groepe in al 12 streke van die wêreld. As jy belangstel om deel te neem of deelnemers wil voorstel, kontak die fasiliteringsspan by: asianrd@sr21.com of ssnet@iafrica.com. Executive Director, *Global Christian Network Inc*., P.O. Box 64467, Virginia Beach, VA 23467-4457 USA. E-pos: asianrd@sr.vom of Skype: ladleta

14-16 Februarie 2008: *Missions Fest*™ in Gauteng

Missions Fest ™ is 'n sending konferensie vir die hele stad wat uitsluitlik deur die plaaslike gemeentes van verskillende denominasies beplan en georganiseer word. Die doel met *Missions Fest* ™ is om inligting te verskaf oor die sending behoeftes en geleenthede, beide plaaslik en wêreldwyd, om God te verheerlik oor wat Hy besig is om deur Sy kinders te doen en om mense van alle ouderdomme uit te daag om betrokke te raak by die Groot Opdrag, deur te stuur, te bid en te gee. Om hierdie geleentheid in Pretoria by te woon, kontak: Gerald Golbeck, Fasiliteerder – *Missions Fest*™ Gauteng. Tel.: 012-321 9964, sel: 083 525 3711, faks: 086 604 1405.
Webruimtes: www.missonsfest.info en www.missionsfestvancouver.ca of e-pos: mfest@metmissions.org.za

18-22 Februarie 2008: *MANI Southern Africa Consultation*

Die *MANI Southern Africa Consultation* vind plaas in Johannesburg van 18-22 Februarie. By hierdie geleentheid sal 300 hoë-vlak leiers in afvaardigings uit 13 Suider-Afrika en Portugees-sprekende lande, sowel as leiers van die wêreld en die vasteland, saamkom. Hulle sal strategieë formuleer oor hoe om die liggaam van Christus te mobiliseer om die mins-bereikte gemeenskappe en hulle nasies te bereik en om sendelinge uit Afrika na die sendingvelde van die wêreld te stuur. Vir meer inligting, kontak Dr Dean Carlson, e-pos: DeanCarlson@oci.org en sel: 082 806 2000

Maart 2008: *Shalom Ministries*
Angus Buchan van die film *Faith like Potatoes* sal 'n spreker wees by die volgende geleenthede gedurende Maart:
1 Maart: George
8-9 Maart: Manne Konferensie in Nelspruit
Vir meer inligting kontak: *Shalom Ministries,* Posbus 373, Greytown 3250. Tel.: 033-417 1425, e-pos: shalom@futuregtn.co.za

8-13 April 2008: *"He's Alive" opvoering*
Passion Play Ministries in Kaapstad bied hulle jaarlikse optrede van *"He's Alive"* in die Bellville Stadsaal aan. Hulle is 'n interkerklike bediening wat fokus op uitreike na binne en na buite. Dit sal vanjaar hulle 11de optrede wees. Vir meer inligting kontak asseblief Bronwyne Scott, sel: 084 769 7350 of Dawid de Villiers, sel: 072 585 2913. Webruimte: www.passionplay.org.za

18-20 April 2008: *"Mighty Men's Conference"*
Die *"Mighty Men's Conference"* word op die Shalom plaas gehou van 18-20 April 2008. Omtrent 23 000 tot 30 000 man, van regoor die wêreld word verwag. 'n Baie suksesvolle konferensie is verlede jaar aangebied met 7 400 mans. Registreer by: *Shalom Ministries,* Posbus 373, Greytown, 3250. Tel.: 033-417 1695, faks: 033-417 1425, e-pos: shalom@futuregtn.co.za

Kreatiewe aftrede ... 'n Nuwe begin!
Aletia Nortje & Lina du Plessis Werkwinkel aangebied in samewerking met Gryskrag – Leer woeker met jou talente met die oog op 'n winsgewende stokperdjie, projek of (klein) besigheid. In Pretoria by eat@essence, Spesbonastraat, Moreletapark, van 8 vm tot 5 nm. KOSTE: R400 per persoon (toetsmateriaal, notas & middagete ingesluit) 2008 - 1 Februarie, 4 Maart, 3 Mei, 5 Julie, 3 Augustus, 5 September, 1 Oktober. WERKWINKELINHOUD: Herontdek jou talente, vaardighede en Geestelike gawes; Identifiseer jou persoonlikheidstipe se sterk punte, kommunikasie- en konflikhanteringsvoorkeure met die MBTI (Myers Briggs Tipe Persoonlikheidsaanwyser); Entrepreneurskap – begin jou eie (klein) besigheid of projek; Identifiseer suksesvolle en selfonderhoudende projekte; 50-plussers wat reeds 'n nuwe besigheid of projek suksesvol bedryf, kom ons inspireer! Navrae en besprekings Aletia Nortje 084 783 1308 / 012 997 1025.

HET JY GEWEET?

Las Vegas
Las Vegas is oral in die wêreld bekend as *"Sin City"* maar duisende mense het gedurende 'n naweek in Oktober 2007 bymekaar gekom om God aan te roep vir 'n geestelike herlewing. Die *City of Lights* trek jaarliks miljoene mense wat opwinding soek, maar in 'n ander deel van die stad gaan 'n roepstem op – nie vir 'n vertoning of 'n "*rock"* konsert nie, maar 'n oproep vir Christenleiers. Daar is iets daaraan om soveel mense te sien wat net met hulle hele hart die Here aanbid. (Webruimte: http://www.cbn.com/CBNnews/255044.aspx of http://www.thecall.com/).

***JESUS Film* getuienis uit Peru**
Twee sendelinge in Peru vertel: op hulle pad terug huis toe, nadat hulle die *JESUS Film* gewys het in 'n dorpie hoog in die Andes-berge, is hulle voorgekeer deur 45 swaar gewapende terroriste. Alhoewel die paartjie nie benadeel is nie, het hulle die kopie van die *JESUS Film* vir die terroriste gegee. Toe hulle 'n jaar later na dieselfde gebied teruggekeer het, het een van die aanvallers verskoning gemaak vir die insident en vertel dat hulle eintlik daardie dag beplan het om die sendelinge dood te maak, maar 'iets' het hulle verhoed. Die terroriste het ook die *JESUS Film* in hulle kamp vertoon waar 700 mense dit gesien het. Baie is gered en is nie meer terroriste nie. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/10530).

"Geestelike bom" tref Fidji
Meer as 165 000 mense het die evangelie gehoor, met 17 474 aangetekende besluite vir Jesus, toe *Impact World Tour (IWT),* 'n bediening van *YWAM,* 16 hoofstede en gemeenskappe dwarsoor Fidji, besoek het. Die

span het vir 6 weke, van 3 September – 13 Oktober, bedien in 24 skole, 3 tronke en by byeenkomste dwarsoor die land. Die reaksie was in sommige gemeenskappe so oorweldigend, dat die totale aantal besluite wat geneem is, behalwe die besluite vir Christus, nie aangeteken is nie, as gevolg van die grootte van die skare. By Subrail stadion in Labasa, die belangrikste stad van die eiland Vanua Levu, het 25 000 mense die byeenkomste bygewoon oor die drie aande van die uitreik. Plaaslike pastore het vir die *IWT* leiers gesê; "Dit was soos 'n geestelike bom wat afgegaan het in sommige van die gemeenskappe met 'n hoë Indiese bevolking. Daar was nog nooit so iets in ons geskiedenis nie." (*Breaking Christian News,* 310 2nd Avenue, Albany, Oregon 97321, 541-928-2642. E-pos: editor@breakingchristiannews.com).

Satelliet televisie is hulpmiddel om evangelie te deel met lydendes
Pyn en lyding laat moeilike geestelike vrae ontstaan. *Joni and Friends* wil probeer om daardie vrae te beantwoord op hulle nuwe weeklikse program op *DIRECTV.* Kykers sal 'n unieke boodskap hoor. Die stigter Joni Eareckson Tada sal die program aanbied. Hulle vra dat gelowiges sal bid. "Bid dat die program miljoene se harte sal aanraak, dat hulle harte oop sal wees om die evangelie te ontvang en dat hulle gereed sal wees om te glo dat God betroubaar is." (Webruimte: http://www.MNNonline.org/article/10447 of http://www.joniandfriends.org).

SA huishoudings met kinders aan die hoof
Volgens die 2005 *General Household Survey* was daar ongeveer 118 500 kinders in Suid-Afrika wat in 66 500 huishoudings woon met kinders aan die hoof.
(Webruimte: http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,2-7-1442_2204131,00.html). Laat ons sonder ophou bid vir hierdie situasie in ons land en vra vir God se ingrype op praktiese en bo-natuurlike maniere. Bid vir hierdie huishoudings vir 'n openbaring van God se liefde vir hulle binne hulle omstandighede. Bid dat God in hulle onmiddellike behoeftes sal voorsien omdat hulle wetlik nie oud genoeg is om te werk nie.

Reeksmoordenaar gevonnis
Die Olievenhoutbosch reeksmoordenaar is tot 16 lewenslange vonnisse en 'n verdere 140 jaar tronkstraf gevonnis op 24 aanklagte van moord, verkragting, poging tot moord en roof. Hy het 16 volwasse swart vroue in die Olievenhoutbosch area vermoor.
(Webruimte: http://www.thestar.co.za/?fSectionId=&fArticleId=nw20071105171030614C309008). Dit is een van talle voorbeelde van God wat ons gebede verhoor dat kriminele gevang en gevonnis sal word. Hou aan om te bid dat moordenaars gevang en gevonnis sal word en ook dat elkeen van hulle 'n openbaring van Jesus se liefde vir hulle, sal ontvang.

Wat is aanlyn beskikbaar?

http://store.bible.com/acb/showdetl.cfm?&DID=7&Product_ID=1094&CATID=3
In samewerking met Audio Bible is *Theophilis Audio Bible* CD-Rom vrygestel, dit is 'n nuwe produk vir Theophilis en vertelling deur Alexander Scourby. Op 'n enkel CD-Rom kan jy luister na meer as 72 uur gedramatiseerde voorlesing van die hele King James Version van die Bybel. *Theophilis* is ook 'n volledige Bybelstudie sagteware program.

http://worldwide.familyradio.org/zusa/english/connect/audio_archive/fbrf/download/frame.html
Jy kan klankbane aflaai van beide die Ou en Nuwe Testamente in die *Modern King James Version* van die Bybel, vanaf hierdie webruimte.

http://www.theboc.com/bible/index.html
God's Word Bible in MP3, teks en sagteware is nou aanlyn beskikbaar. Die vertaling kombineer skolastiese getrouheid met natuurlike Engels. *God's Word*, met sy helder en maklik verstaanbaarheid, is die ideale vertaling vir lesers van alle ouderdomme. Vanaf hierdie webruimte kan jy die Bybel in klank aflaai, asook gratis Bybel sagteware of 'n gedrukte Bybel teen 'n redelike prys bestel.

www.brigada.org
Die weeklikse *Brigada Today* e-pos joernaal, bied sedert 1995 inligting aan Groot Opdrag Christene oor ons groot wêreldwye soeke: gee hoop en hulp aan die wat dit die nodigste het. Identifiseer en bevorder hulpmiddels, konferensies, webruimtes, agentskappe, individue. Analiseer en verwerk in eenvoudige terme die huidige tendense in wêreld sending en die potensiële impak op die wêreld van sending.

www.christianitytoday.com
Hierdie webruimte hou jou op datum met wat in wêreldnuus met 'n Christelike inslag, gebeur. Hulle stuur 'n nuusbrief op e-pos uit waarop jy kan inteken.

www.dawnministries.org
Die doel van *DAWN Ministries* is dat versadigings-kerkplanting 'n algemeen aanvaarde en vuriglik beoefende strategie sal word vir die voltooiing van die opdrag om dissipels te maak van alle mense in ons generasie. Hulle besorgdheid is dat die Liggaam van Christus in elke land behoort te bid en te werk om dissipels te maak van hulle nasies, insluitende elke mense groep, in reaksie op Jesus se opdrag (**Matt.8:19-20**).